

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Ek-geslag

Die apostel Paulus rig in sy tweede Timoteus-brief (3:1-5) 'n dringende waarskuwing aan die kerk van Christus deur alle eeue: 'Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom'. Paulus gee 'n rede vir die waarskuwing: 'Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees'. Die mensdom in die eindtyd ontaard in 'n 'ek-geslag'. Ek in my klein hoekie en jy in joune. Ek het my lewe en ek bemoei my nie met die probleme van ander nie. Ek maak met my lewe wat ek daarmee wil en ek laat my deur niemand voorskryf wat ek doen nie.

Paulus laat die kerk van Christus nie in die duister oor hoe so 'n 'ek-geslag' lyk nie. Liefhebbers van hulleself is mense wat geldgierig is. Hulle is grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig. Daarby is hulle sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie. Die 'ek-geslag' is verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God.

Die monster wat hier geteken word, is voorwaar skrikwekkend. Waar loop ons hom raak? In antwoord op hierdie vraag voeg Paulus 'n ontugterende laaste sin daaraan

toe. Die 'ek-geslag' wat liefhebbers van hulleself is en net oog vir hulle eie wel en wee het, is 'mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het'.

Ons moet die 'ek-geslag' van die laaste dae nie alleen daar buite in die donker wêreld gaan soek nie. Ongetwyfeld is hulle ook daar. 'n Mens kry daagliks met hulle te doen en loop jou by tye tromp-op teen hulle vas. Maar die apostel dwing ons om ons eie lewe onder die soeklig van die Skrif te stel. Die liefhebbers van hulleself in 2 Timoteus 3 is lidmate van 'n gemeente van Jesus Christus. Hulle dra die naam christen. Hulle het 'n gedaante van godsaligheid. Hulle dra 'n kleed van skaapwol. Maar hoe klink die stem? Waarvan getuig die leefwyse? Binne die skaapwol-kombers skuil 'n bose wolf, omdat die krag van godsaligheid verlore gegaan het.

Oor dié waarskuwing moet die kerk van Christus voortdurend nadink. Selfondersoek blyk gebiedend noodsaaklik te wees. Namate welvaart meer word, materialisme toeneem, mense hoë mure om hulle erwe en harte bou, word die akker vir self-liefde geploeg.

Die ouer geslag ken deurgaans nog die swaarkry van depressie,

wêreldoorloë, 'n land wat opgebou moet word. Baie ouer mense sal vertel hoe hulle met min besittings moes regkom. Na hulle troue het hulle aanvanklik 'n klein huisie opgesit. Daar was waardering vir die beskikbare middele, studie- en werkgeleenthede. Baie van die ouer geslag het talle geleenthede nie gehad nie. Tog was daar oor die algemeen ywer en groeikrag en lus om dinge te doen. Daar was dankbaarheid vir alles wat ontvang is. En dit wat ontvang is, is in baie opsigte diensbaar tot voordeel van ander aangewend. Uiteraard was daar ook egoïstiese mense wat dit nie so gedoen het nie, maar tog was daar oor die algemeen 'n bereidheid om te offer en te dien.

Vandag staan sake radikaal anders. Baie jongmense wil nie onder begin en stadig maar seker die leer van die lewe uitklim nie. Groot karre (met ewe groot paaielemente), luukse woonstelle, gereelde vakansies en naweek-wegbreke, die dra van sekere merke klere het deel geword van die lewenspatroon. Dit word as 'normaal' voorgestel. Op sigself is welvaart en rykdom beslis geen probleem nie. Alles behoort aan die Here, en Hy gee soos wat Hy wil vir wie Hy wil. Maar as welvaart tot 'n 'ek-kultuur' bydra en daarop uitloop, word dit beslis 'n probleem.

INHOUD

1 Redaksioneel
Ek-geslag

2 Skrifoorndenking
Godgegewe voeding
Ds HLJ Momberg

3 Fokus
**Het die kerk 'n maatskaplike
verantwoordelikheid?**

Ds SD Snyman

6 Kerkerf
**Principiële grondslae vir die
christelike etiek**
Ds HLJ Momberg

9 Persskou
**Skooloryp
Moedige voorganger
Watter kerk brand?**
Dr GJ Meijer

Net hier druk die skoen en word die oproep tot selfondersoek uiters relevant. Die suigkrag van materialisme moet vir geen oomblik onderskat word nie. Die sug na liefhebbery van die eie-ek is deel van die ou mens waarmee elke christen daaglik worstel. Teen dié selfgerigte liefhebbery

moet met mag en mening weerstand gebied word.

Die gemeenskap van gelowiges, die kerk, sal mekaar in die stryd teen die 'ek-kultuur' moet bystaan en opskerp. Op die basis van die Skrif sal ons bereid moet wees om met mekaar oor die stel en nastreef van prioriteite

te praat. Ouers sal hulle kinders van jongs af hierin moet opvoed en voorleef. Dit alles moet gedoen word met die opdrag van Christus in gedagte: 'Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word' (Matteus 6:33).

GJM

Skrifoordenking

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

Godgegewe voeding

Lees: Psalm 1; Psalm 15

Teks: Matteus 5:6

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

By die hoor van al die nuus oor die wêreld, die oorloë en gerugte van oorloë, magsmisbruik, siektes en ellendes, ook die honger en armoede waarin 'n groot hoeveelheid mense van die wêreld gedompel lê, is daar geen heerliker en bevrydender woord as hierdie saligspreking van die Here nie: 'Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word'. As elke man en vrou in hierdie wêreld maar besef wat dit is om te honger en dors na geregtigheid, sou daar nie meer die gevaar van stakings, opstand, verdrukking en oorlog wees nie. In 'n neutedop gee hierdie uitspraak voorwaar die groot oplossing vir die probleem van die wêreld.

Allerlei internasionale konferensies en berade word gehou en beheerliggame kom byeen om die wêreld se probleme te probeer oplos. Aan die einde van alles is die werklike probleem steeds nie opgelos nie. Daar is vandag inderdaad geen groter behoefte in die wêreld as aan ware christene nie. Ja, as maar meer christene waarlik die betekenis gewet en gegryp het van wat dit is om te honger en dors na geregtigheid, sou 'n veel kragtiger evangeliseringsboodskap die wêreld ingestuur kon word.

Met hierdie besondere uitspraak in die bergrede kyk ons na een van die karaktereenskappe van

christenskap, een van die basiese beginsels van Christus se koninkryk. Soos met die voorafgaande saligsprekinge, val dit op dat die honger en dors na geregtigheid 'n logiese plek inneem tussen die hele reeks uitsprake wat Jesus gemaak het. Hier het ons eintlik die antwoord op die vorige drie stellings. Die christen moet arm van gees wees; moet treur; moet sagmoedig wees – alles eienskappe waarin ons in 'n sekere sin van ons sondige self moet prysgee. Dit kan selfs op die oog af na negatiewe eienskappe klink: arm van gees, treur, sagmoedig. Die honger en dors na geregtigheid-saligspreking pas ten volle by al die voriges, maar gee die positiewe teenkant van dieselfde muntstuk. Nadat ons van al ons sondige self ontdaan is, kom daar die honger en dors. Totaal gestroop, treurend met berou, kom daar terselfdertyd die hunkering terug na God, die begeerte om vrede met God te hê.

Die eenvoudigste manier om die teks te benader is waarskynlik om sy begrippe een vir een uit te lig en elkeen van nader te bekijk. Uit 'n letterlike oogpunt is die saligspreuk eintlik onlogies en onverstaanbaar. Hier word woorde uit twee uiteenlopende betekenisvelde saamgevoeg. Die een betekenisveld is ons alledaagse natuurlike lewe van honger en dors word, eet en versadig word. Die ander betekenisveld is uit die wêreld van die regspraak: geregtigheid! Dié twee betekenisvelde word nou op so 'n wyse in een sin saamgevoeg dat die een beskryf word in terme

van die ander en dat die een ding uitgevoer word op dieselfde manier as wat die ander gedoen sou word.

Jesus praat hier nie soseer oor ons fisiese honger en dors nie, maar oor die allerdiepste oorsaak van ons honger en dors: ons diepe geestelike honger en dors; daardie dors wat ons deur ons sonde oor ons gebring het. Jesus is met 'n negetal uitsprake besig waarin Hy telkens met die woord 'salig' of 'geseënd' begin. In 'n sekere sin is ons Here besig met 'n uitgebreide verklaring van wat die saligheid is. Hy laat ons nege keer sien hoe iemand is wat salig is. Hy laat ons die karaktertrekke sien van die persoon wat salig is. Dit is niks anders nie as die teenkant van die persoon wat nog onder die heerskappy van die bose leef; die teenkant van hoe die duiwel is. Hy laat ons sien uit watter karaktereenskappe sy eie persoonlikheid saamgestel is. Hy laat ons sien watter veranderings in ons hart en verstand, ons gedagtes en ons werke kom wanneer ons hoe langer hoe meer tot die ewebeeld van Jesus Christus vernuwe word. Om beeld van God te wees is om in ware geregtigheid en heiligheid te lewe. Dit is die kernvraagstuk waarmee Psalm 15 ingelei word: 'HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?' Dan kom ook die klinkklare antwoord: 'Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen'.

Hieroor praat Jesus met die skare. Hy is nie soseer oor hulle liggaamlike hongerte en dors besorg nie, maar oor die geregtigheid wat onontbeerlik is vir

hulle totale salige bestaan by God. So praat Jesus oor sy Goddelike geregtigheid in die metaforiese taal van ons natuurlike eetlus.

Geregtigheid is 'n juridiese term. Dit kom uit die wêreld van die wetstoepassing; van die hele hofproses wat plaasvind wanneer iemand van 'n oortreding voor die wetgewer aangekla word. Wanneer die toepaslike vonnis opgelê en uitgedien is, kan daar weer versoening, weer vryheid, weer goedheid en guns tussen wetgewer en onderdaan wees. Die Here Jesus neem sy hoorders regstreeks terug na die begin.

So kom dit in die voorafgaande saligsprekings uit. Ons het ons verhouding met God in die diepste sin geskend, Hom vertoorn en bedroef. Daarom is hierdie saligspreuk 'n soort middelpunt, die hart van die hele evangelie, die sleutel vir die verstaan van die ganse Bybel.

Ons doodskuld moet in alle geregtigheid betaal word. Daarna moet ons tot God se beeld en gelykenis herskep word. Dit gaan dus daaroor dat ons sal honger en dors na die absolute grootse liefdesdaad van God wat Hy in Jesus Christus vir ons en in ons verrig – nie alleen die plaasbekledende soendood van ons Here Jesus nie, maar ook die lewendmakende werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees wederbaar en

herskep ons, oortuig ons van sonde en geregtigheid en oordeel. Hy graveer God se wet op die tafels van ons harte, wek by ons 'n hartlike blydschap vir sy uiterste liefdesdaad, en 'n wederliefde om hoe langer hoe meer volgens al God se gebooue te lewe. Dit is die betekenis van die begrip 'geregtigheid' wat Jesus gebruik.

Wat sê Hy van hierdie onderwerp? Hy sê: diegene wat daarna honger en dors kan hulleself geseënd reken, salig. Hulle sal ook daarmee versadig word. Hierin lê die geheimenis van dié saligspreuk. Aan die een kant is die volkome geregtigheid van God slegs in Christus en sonder enige verdienste van ons kant vir ons beskik. Aan die ander kant is dit net so onbeweeglik vas dat hierdie volkome geregtigheid nie sommer outomaties ontvang word nie. Daar moet ook 'n hunkering wees; die versmagting soos 'n pasgebore babatjie na moedersmelk smag. In myself is ek geheel en al sonder enige krag of reserwes, uitgeput en sonder energie. Daar is die hewigste hongerpyne wat smag na nuwe lewenskrag, die krag van God se volkome geregtigheid.

Dit spreek ons treffend aan wanneer Jesus in die taal van honger en dors praat. In die stadsewe word ons dikwels met sulke honger en dors mense gekonfronteer. Iemand wat honger en dors is, word deur

die heel grootste natuurdrang gedryf. Honger en dors laat enige ander dinge van die wêreld uit die gesigsveld verdwyn. Jy doen net een ding. Jy soek en smag daarna om hierdie intense behoefte te bevredig. Soos 'n hert in dorre streke skreeuend dors na water, so smag my siel na U, o God!

Nou is dit eenvoudig om onself aan hierdie saligspreking te toets. Ons kyk wie by die maaltye opdaag, die wat honger en dors het. Die mens wat enige flou verskoning uitdink om 'n maaltyd te verpas, sê mos eintlik daarmee dat hy nie honger en dors en smag daarna nie. Die mens wat so doenig is met sy eie sake dat hy skoon van die maaltyd vergeet, is mos nie regtig honger en dors nie. Luister dan na die skerp tweesnydende saligspreking van Jesus. Hy sê: Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle, net hulle, sal versadig word.

Julle sal met die bediening van God se versoening versadig word. Sy lewewekkende woord. Sy lewensinstandhoudende Woord. Sy geregtigheid! Sy volkome verdienste. Sy heerlike vryspraak. Julle sal vertroos word. Julle hongerpyne sal stilgemaak word. Julle mag eet van die boom van die lewe wat in die paradys van God is. Julle mag versadig word met die brood van die ewige lewe, die spys van Geregtigheid wat sal bly tot in alle ewigheid.

Fokus

Ds SD Snyman, Pretoria – Magalieskruin

Het die kerk 'n maatskaplike verantwoordelikheid?

Lukas 12:13-14 oor die taak van die kerk

In hierdie tyd van die opkoms van die sogenaamde 'kerklose Christendom' is dit 'n vraag wat baie gehoor word: waarom is daar kerke – geïnstitueerde, georganiseerde gemeentes met ouderlinge en diakens, leraars en kerkrade, en

dan nog klassisse en sinodes ook? Sommige wonder of dit regtig nodig is. Ander sê prontuit dat dit geen doel dien nie, onder andere omdat die georganiseerde kerk in elk geval nie eintlik betrokke is in die samelewing en iets doen aan al die groot kwessies in hierdie land en in die wêreld nie. Daarom is dit noodsaaklik om te besin oor die

vraag: Is die georganiseerde kerk nodig? En indien wel, waarvoor?

Jesus se taak op aarde

In Lukas 12:13-14 word daar lig gewerp op hoe die Here Jesus sy eie taak op aarde gesien het. Hieruit kan lyne getrek word na die taak van die georganiseerde kerk

op aarde, naamlik om *geestelike* rykdom te bevorder.

Wat die Here Jesus in dié verse oor sy taak op hierdie aarde sê, is sy antwoord aan 'n man wat Hom vir sy eie materiële voordeel wou gebruik. Jesus was besig om mense allerhande dinge te leer toe dié man Hom vra om as 'n soort regter of arbiter tussen hom en sy broer op te tree. Eintlik het hy nie gevra nie, maar gesê: 'Meester, sê vir my broer dat hy ...'. Dit is duidelik dat die man voel dat sy broer hom op een of ander manier met die erfposisie verontreg. Nou wil hy hê dat Jesus sy gesag en invloed moet gebruik om die broer te laat maak soos hy wil hê.

Uit die gelykenis wat die Here Jesus hierna vertel, wat daarvoor gaan dat geld en goed nie vir 'n mens die groot saak in die lewe moet wees nie, kan afgelei word dat die basiese probleem by hierdie man geldgierigheid was – 'n ongesonde begeerte om baie geld en besittings te hê. Behalwe dít is daar ook 'n ander fout met sy versoek: Hy wil die Here Jesus as 'n regter oor materiële, aardse sake gebruik.

Met sy skerp afwysende vraag laat die Here Jesus hom baie duidelik verstaan dat dít 'n fout is: 'Mens, wie het My as 'n regter of deler oor julle aangestel?' Die vraag se antwoord lê duidelik in die vraag self opgesluit: niemand nie! Jesus was nie as regter of deler aangestel nie.

Natuurlik wag daar 'n dag in die toekoms wanneer die Here Jesus as die groot Regter van die hemel en die aarde alle mense gaan beoordeel en alle onafgehandelde regsake volledig gaan afhandel; maar dit is sy taak wanneer Hy weer kom. Dit was nie sy taak toe Hy die eerste keer op aarde was nie. Hy het toe nie gekom om as regter in siviele gedinge en as verdeler van mense se erfposies op te tree nie, of as een of ander amptenaar wat mense kom help het om meer geld te kry nie. Hy is deur sy hemelse Vader gestuur en aangestel met 'n ander taak:

- 'Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering' (Lukas 5:32).
- 'Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat

verlore was' (Lukas 19:10; vergelyk ook Johannes 17:4, 6, 14).

- 'En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem ...' (1 Johannes 3:5).
- 'Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek' (1 Johannes 3:8).

Jesus het nie gekom om mense se finansiële posisie te kom verbeter nie, maar om sondaars wat van God vervreemd was, weer na Hom toe terug te lei. Hy het nie gekom om mense se aardse skure te kom volmaak nie, maar om mense ryk in God te maak (Lukas 12:21). Hy het gekom om hulle van die hemelse skatte te leer: van die vergewing van sondes, van vrede met God, van die groot verandering (die 'bewindsverandering') wat die Heilige Gees in 'n mens se hart en lewe bring en van die ewige lewe wat elke mens sal hê wat in Hom glo.

Hy het gekom om hierdie hemelse skatte vir hulle te verdien. Hy het in hulle plek die straf gaan dra op al hulle oortredings van God se wet en hulle so van die straf bevry. Hy het in hulle plek God se wet volmaak nagekom en so God se seën vir hulle verdien. Hy het vir hulle lewend uit dood en graf opgestaan en so die dood vir hulle oorwin.

Jesus se taak hier op aarde was om mense *geestelik* ryk te maak.

Die kerk se taak

Na Jesus se hemelvaart het die Vader en die Seun die Heilige Gees na die gebroke wêreld gestuur om 'n kerk vir Hom bymekaar te maak, 'n gemeenskap van mense wat werklik die Here Jesus as hulle Verlosser omhels en as hulle Koning gehoorsaam. Deur die werk van die apostels en deur die voorskrifte wat Hy hulle in hulle geskrifte laat opskrywe het, het die Heilige Gees hierdie kerk georganiseer as 'n gemeenskap wat onder leiding van sekere besondere dienste funksioneer: ouderlinge, diakens en leraars. Die ouderlinge het egter nie net afsonderlik gewerk nie, hulle het ook gesamentlik as 'n kerkraad gefunksioneer (1 Timoteus 4:14). Ook het afsonderlike kerke

deur middel van afgevaardigdes saamgekom om oor gemeenskaplike probleme te beraadslaag (Handelinge 15). Dit alles lei tot die oortuiging dat die sisteem van georganiseerde gemeentes, met ouderlinge en diakens, leraars en kerkrade, en sinodes deur die Heilige Gees vir die kerk gegee is en voorgeskryf is in die Woord van God.

In hierdie sisteem is dit van lewensbelang dat die Here Jesus Christus die Koning van die kerk bly – aan Hom moet ons getrou bly. Gemeentes, dienaars, kerkrade en sinodes is absoluut ondergeskik aan Hom en moet net sy opdragte uitvoer!

Wat is sy opdragte vir die georganiseerde kerk in hierdie wêreld?

Al die opdragte kom daarop neer dat kerke *geestelike* rykdom moet bevorder en so dit wat die Here Jesus hier op aarde kom doen het, moet voortsit. Jesus sê vir sy dissipels: 'Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook' (Johannes 20:21b). Natuurlik kan en hoef die kerk sy versoeningswerk (sy lyding, dood en opstanding in ons plek) nie voort te sit nie. Net Hy kon dit doen en Hy hét dit ook vir eens en vir altyd klaar gedoen. Die kerk dra egter die boodskap van sy versoeningswerk in die wêreld uit.

Net soos Jesus nie gestuur was om mense se sakke vol geld te kom maak nie, is gemeentes, dienaars, kerkrade en sinodes nie veronderstel om allerhande wêreldse sake te bevorder nie. Hulle moet die boodskap van verlossing deur Jesus Christus verkondig en so die hemelse rykdom uitdeel. Van die opdragte wat die Here vir sy kerk en vir dienaars van Hom gegee het, klink só:

- 'Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het' (Matteus 28:19). Dit is 'n opdrag tot sending, evangelisasie en katkisasie.
- In 1 Timoteus gee die apostel Paulus allerhande voorskrifte oor hoe die gemeente moet funksioneer. Hy doen dit sodat

Timoteus kan weet 'hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid' (1 Timoteus 3:15). Die gemeente is dus daar om die waarheid oor God en oor Jesus Christus te dra en te beskerm.

- Ouderlinge se opdrag is om soos herders toesig te hou oor die geestelike lewe van die gemeente waaroor die Here hulle gestel het (Handelinge 20:28; 1 Petrus 5:1-2). Leraars moet die Woord preek en leer en met volharding die gemeente in gebed voorgaan (1 Timoteus 5:17; 2 Timoteus 4:2; Handeling 6:4). Diakens moet lidmate wat in stoflike nood is, versorg met dit wat hulle nodig het (Handeling 6:1-4; 1 Timoteus 3 en 5).

Dit is ook sprekend dat die kerklike vergadering ('sinode') in Handeling 15 nie gegaan het oor iets soos watter politieke of ekonomiese beleid die kerk gedink het die Romeinse keisers en senaat moes volg vir vrede en voorspoed in die ryk nie. Dit het gehandel oor die vraag of 'n mens gered kan word as jy nie besny is nie. 'n Kerklik-teologiese kwessie, wat ten diepste daaroor gaan of Jesus se versoeningswerk voldoende is of nie.

Georganiseerde kerk en geroepe gelowiges

Daar moet 'n fyn onderskeid gemaak word. Die georganiseerde kerk en die besondere dienste, kerkrade en sinodes is nie daar om allerhande samelewingskwessies te takel, om arbeidsbeleide uit te werk, politieke adviese te gee en werkskeppingsprojekte en vigsbetrydingsprogramme te loods nie. Die taak van die georganiseerde kerk is om die sake van die hemelse koninkryk te bevorder, om te doen wat God gedoen wil hê aan die saligheid, die heiligheid, die versorging en vertroosting van sy mense. Ons as

individuele gelowiges is wel geroep om, in ons alledaagse lewe en beroepslewe, probleme en kwessies op alle terreine van die aardse lewe in gehoorsaamheid aan die Here te hanteer. Ons moet op alle terreine en fronte sake in ooreenstemming met die Woord van God gaan bedryf. Daar móét dus christelike regters, arbiters, onderwysers, ekonome, wetenskaplikes, klerke, bouers en verpleegsters wees. Maar die gemeente as 'n organisasie, 'n ouderling as ampsdraer, 'n kerkrade en 'n sinode is nie deur die Here geroep om oor allerhande sake van die aardse lewe te handel nie.

Ons kerke bely in NGB artikel 30 dat dit die georganiseerde kerk se taak is om die ware godsdiens te onderhou, om die ware leer te versprei, om oortreders op geestelike wyse te vermaan en in toom te hou en om die armes en bedroefdes volgens hulle nood te help en te vertroos.

Soos Jesus gestuur was om geestelike rykdom te kom bevorder, so stuur Hy sy kerk ook om geestelike rykdom te bevorder.

In sy bergrede het Jesus vir sy dissipels geleer dat hulle sout vir die aarde en lig vir die wêreld is. Die aanwesigheid van die kerk moet deur die aktiwiteit van die lidmate in die samelewing 'n smaakgewende, ligbiedende en preserverende invloed hê. Die eerste gemeente in Jerusalem was 'in guns by die volk'. Oor die sendingarbeid van die apostels lees ons in die Handeling van die apostels en die Nuwe-Testamentiese briewe dat hulle eerbare onderhorigheid aan die owerhede geleer het, dat hulle self dikwels met gesagsdraers van die owerheid gehandel het; hulle het ook verorden om vir die owerhede te bid. Dit is egter opvallend dat die kontak met die samelewing en die owerheid, nooit daarop gerig was om samelewingskwessies of owerheidsake as sulks aan te spreek nie, maar om 'dissipels van al die nasies te maak', om aktief die vergadering en beskerming en

onderhouding van die kerk van die Here Jesus te dien (NGB artikel 36 en KO artikel 28).

Die kerk nie 'n gewone samelewingsorganisasie nie

Die mense wat die kerk dus as net maar nog een van die baie samelewingsorganisasies sien en die georganiseerde kerk en besondere dienste, kerkrade en sinodes wil inspan vir die bevordering van allerhande sake van die alledaagse lewe, mis die kol; net so hulle wat die kerke verwyrt omdat hulle nie op groot skaal organisatories betrokke raak by kwessies soos armoede, werkloosheid en vigs nie; ook hulle wat die kerke direk by die politiek betrokke wil hê; of hulle wat wil hê dat kerke drukgroepe moet word vir sekere belangegroepe, soos byvoorbeeld vir feminisme, of vir die sogenaamde regte van 'gays', vir aksies teen misdaad, of vir verandering in Zimbabwe. So ook hulle wat kerke, wat nie wil saamspeel in hierdie aardse sake nie, afmaak as irrelevante en waardelose instellings, wat vir die mensdom niks beteken nie.

Die georganiseerde kerk, dienaars, kerkrade en sinodes sal eendag nie gemeet word aan hoe goed hulle hier op aarde regter en deler gespeel het nie, maar of hulle getrou was aan die opdragte wat hulle Koning wel vir hulle gegee het. Kerke sal nie gevra word hoe bedrywig hulle in die samelewing was nie, maar of hulle vir mense gesê het dat dit hulle niks sal help as hulle baie stoflike middele het, polities vry is, allerhande regte het en mediese sorg vir enige toestand het, maar nie ryk is in God nie. Kerke sal gevra word of hulle mense probeer leer het dat dit jou niks baat as jy die hele wêreld wen maar aan jou siel skade ly nie!

Solank gemeentes en dienaars in besondere dienste, kerkrade en sinodes *geestelike* rykdom bevorder, is hulle besig met dit waarvoor die Here sy kerk laat bestaan.

Prinsipiële grondslae vir die christelike etiek

Die mens is 'n etiese wese. In sy gedrag speel moraliteit, goed of sleg, 'n sentrale rol. Hierin is die mens anders as al die ander lewende wesens van die skepping. Waar die res van die lewende wesens almal optree volgens genetiese eienskappe en instink, gedrewe deur drange en hormone, is die mens veel meer. Die mens moet ook optree in beheersing van sy genetiese eienskappe, instink, drange en hormone. Hy moet optree volgens verantwoordbare norme en beginsels. Die mens moet God se beeld wees, sy gesag bedien en daarvoor verantwoording doen. Daarin is die mens anders as die res van die lewende wesens. Die mens is 'n sedelike wese. Maar wat is die grondslae wat die mens se gedrag moet bepaal? Dit is 'n baie boeiende eeue-oue temavraag. Elke mens word daarmee gekonfronteer. Elke dag leef mense bewustelik of onbewustelik volgens etiese eise, deur sekere grondbeginsels gemotiveer. Geen mens kan homself van die sedelike – goed of sleg – ontdoen nie.

Daardeur kom 'n unieke orde – goed of sleg – in elke mens se lewe, in samehang met sy leefwêreld, tot stand. Verskillende kulture wat die werklikheid op eie unieke wyse beleef kom met mekaar in aanraking en het invloed op mekaar. Daaruit beskryf hulle wat vir hulle die waarheid is. Aanpassing van gedrag word voortdurend gemaak deur beïnvloedende faktore. Wat moet? Wat mag nie? Is goed werklik goed en daarom najaagbaar waardig? Is sleg werklik sleg en daarom aanvegbaar? Maak dit werklik saak? Dit is die vrae wat meespeel in die tema op hande.

Wat maak besinning hieroor aktueel?

In die inleiding is alreeds enkele grondslae genoem wat gebruik word om menslike gedrag te bepaal.

Die vraag is: Wat kan as vaste en betroubare vertrekpunt dien wat konsekwent in alle omstandighede en alle tye en vir alle mense geld? Hierdie vraag hou filosofie en etiek eindeloos besig.

Hier volg enkele voorbeelde om die probleem nader toe te lig. Dit is inkonsekwent ten opsigte van die bewaring van die menslike lewe wanneer wetgewing gemaak word dat moordenaars nie doodgemaak / tereggestel word nie, maar aborsie op aanvraag moet plaasvind, en dit op grond van 'n inkonsistente (onvaste) definisie van menseregte. Op grond van die beginsel van die natuur is dit inkonsekwent om bepaalde seksuele gedrag af te keur omdat dit teen-natuurlik is, maar 'n groot spektrum van die moderne geneeskunde wat ook teen-natuurlik is, voor te staan. Dit is inkonsekwent om ter wille van die menslike welvaart lande se skuld af te skryf, maar in ruil daarvoor hulle land te gebruik as 'n stortingsone van oortollige afvalstowwe.

Dit is bykans onmoontlik om iets sinvol oor goed of sleg te sê as ons die filosofie van die antieke beskawings – die Egiptiese, Babiloniese, Griekse en Romeinse leefwêreld – as vertrekpunt sou neem, óf die sedelike as entiteit op homself, óf die gryse wêreld van wat mooi, smaakvol of kunstig is, óf die mens self as uitgangspunt, wat vir die mens lekker of sleg is, en so meer. Nie een van hierdie dinge kan vir ons konsistent 'n vaste beginsel vir ons gedrag wees nie. Dit is besonder moeilik om onself in hierdie veelheid te vind, want ons kan ons nie van die wêreld isoleer nie. Hoe dan?

Om die dilemma nog nader te bepaal: Ons is almal kinders van ons eie kontekste; selfs christene. Binne 'n unieke sosio-politiese, taal- en kulturele lewensomgewing, en in lewende interaksie daarmee, leer ons watter

gedrag aanvaarbaar of aanvegbaar is binne 'n verskeidenheid van drukkrigte.

Oor die algemeen is daar in die wêreld 'n weersin teen moralisme wat op godsdienstige terme gegrond is. Daar is 'n nog groter weersin teen moralisme wat op eksklusief christelike terme gegrond is. Daarom is dit te meer nodig om belydend te verklaar waarom christene hulle lewenswyse op die Skrif wil berus, en hoe hulle dit op die Skrif moet laat berus.

Uitstappie na die resepsie-teorie

Sedert die sestigerjare van die vorige eeu het die terme van die opkomende resepsieteorie al hoe meer gangbare taalgebruik in die interpretasie van tekste en verskynsels geword. Die term *Rezeptionsaesthetik* kom van die Konstanz School of literary studies; dit is die Duitse term vir die Amerikaanse *Reader-Response Criticism*. Dit word in besonder geassosieer met die naam van Hans Robert Jauss wie se boek *Towards an Aesthetic of Reception* in 1982 oor die onderwerp verskyn het. Die basiese konsep van hierdie teorie is dat 'n verskynsel, soos 'n teks of 'n gedragsvoorskrif of enigiets wat as 'n feit voorgestel word, nooit losstaan van 'n menslike waarnemingsperspektief nie. Wanneer ons vandag na dinge kyk kan ons dit ook nie sonder ons besondere waarnemingsperspektief doen nie. Gevolglik word betekenis deur die waarnemer 'geskep' – dit is sy interpretasie van wat hy waarneem. Hierdie teorie het sedertdien die basisteorie van die meeste kultuurprodukte geword en veral van die vertaal-teorieë, die eksegetiese en die hermeneutiese van klassieke tekste, en ook van die Bybel. Dit vorm die grondslag van alles wat ons vandag as die post-modernisme bestempel.

Nodeloos om te sê dat die aanwesigheid van hierdie teorie dit al hoe moeiliker maak om sinvol oor die etiek – wat op sigself al 'n ingewikkelde saak is – eenduidige grondlyne te trek. Die aanwesigheid hiervan maak dat mense reaksionêr, verdedigend terugvlug na hulle eie bekende veiligheidszones, of hulleself andersins traak-my-nie-agtig oorgee aan die gees van nihilisme (alles is tog niks) – ook wanneer dit oor etiek en gedrag gaan. Dit help nie, want daardeur bevestig hulle opnuut die geldigheid van hierdie teorie.

Op sigself genome is dit waarskynlik nie ons taak om die teorie as sulks te beveg nie, want dit is nie nuut of tot een terrein afgesonder nie. Die belang van resepsie was reeds by die antieke tye van die Grieke beklemtoon. Retorika was destyds al beskryf as die kuns om te oorreed deur die effek wat 'n teks op sy lesers het. Plato het reeds gewaarsku teen die sielkunde van tekste wat emosies in mense kan wakker maak wat moeilik is om te beheer. Die aanwesigheid van hierdie verskynsel is steeds by ons. Besighede spandeer miljoene om die effek van hulle bemarkingstrategieë op hulle verbruikers te analiseer. Die sukses van films word gemeet aan die kaartjieverkope daarvan. Televisieprogramme word beoordeel volgens die potensiële kykertaal. Aandag vir die resepsie van die ontvangers is nie nuut nie. Al wat relatief nuut is, is die terminologie van die teorie. Die effek wat dit op menslike gedrag het is verreikend. Is jy in of is jy uit? Hoe stel jy dit vas?

Soos reeds gesê, is dit waarskynlik nie ons taak om die resepsieteorie as sulks te beveg nie, maar wel om die tekortkominge daarvan uit te wys en opnuut ons staanplek ten aansien daarvan helder te definieer; daarom die titel van hierdie artikel.

Filosowe en kerkvaders

Die deurlees van verskillende debatte van die groot filosowe uit die antieke wêreld vertoon 'n opmerkbare verskil met die debatte van ons vroeë kerkvaders met hulle teenstanders. Filosowe van die antieke wêreld het in hulle gesprekke gebruik gemaak van die konsekwensies en teenstellings wat deugde soos

vriendskap en dapperheid, goedheid en barmhartigheid, skoonheid en smaak, getrouheid, orde, reg en verkeerd bied. Hulle het dit reggekry om hulle medestanders se logiese denke, tot eindelose vermaak, in logika en onlogika te prikkel en hulle dikwels in 'n staat van onsin te laat. Die kerkvaders – in besonder die eens kranige professor in retorika, Aurelius Augustinus wat na sy bekering die biskop van Hippo Regius en Cartago geword het, en later ook op spesiale manier by Calvyn – het 'n ander werkswyse gevolg. By al hulle groot debatte wat opgeteken is het hulle vooraf – en as voorwaarde – ooreengekom dat hulle die Bybel as Woord van God aanvaar wat die finale en hoogste gesag in hulle redenering sal wees. Hierdie maatreeël was veral nodig gesien verskeie godsdienstrome hulle op ander bronne soos die kerklike tradisie of buite-Bybelse insigte beroep het. Op hierdie basis het hulle mekaar se standpunte aan die Skrif gemeet en mekaar tot erkenning beweeg.

Al klink dit na die basiese oplossing van die dilemma, het dit gou geblyk dat daar telkens nuwe verskille vorendag gekom het – die nuutgeproklameerde *Sola Scriptura* ten spyte. Oor 'n groot verskeidenheid van onderwerpe het verskillende groepe hulleself vir hulle standpunt op die Skrif beroep. Daar was ook valse *Sola Scriptura*-aansprake. Dit klink na 'n botsing van terme: *Sola Scriptura* is so absoluut en tog is daar geweldige spanning as dit nie saam met die ander *Sola*-slagspreuke geneem word nie. Dit het gou duidelik geword dat selfs die Skrifberoep nader gekwalifiseer moet word. Die gemeenskaplike reformatoriese aanvaarding was dat die Skrif verstaan moet word soos die Skrif self verstaan wil word. Daarby kom die aanvaarding dat die hele Skrif geneem moet word om homself nader te verklaar. Gevolglik het verskeie reformatore hulle sistematiek in die verstaan van die leer van die Bybel beskryf in belydenisgeskrifte, leerboeke, kommentare, kerkorde, en so meer.

Wanneer kerke vandag in sinodes saamkom om oor gemeenskaplike vraagstukke uitklaring te gee, volg hulle die praktyk om vooraf 'n openlike verklaring te maak waarin

hulle die Skrif, nader omlyn soos dit verstaan word volgens die belydenisgeskrifte en toegepas in die kerklike lewe volgens die ooreengekome kerkorde, as gemeenskaplike vertrekpunt neem.

Hierdie praktyk sou heel normaal deur die voorstanders van die resepsieteorie beskou word as 'n praktyk waarin debatteerders hulle eie waarnemingspunt op die werklikheid vooraf verklaar. Op grond hiervan word argumentasie in verband met geloofsleer en geloofslewe gevoer en rigting aangedui. Sou daar na die tyd navraag gedoen word oor sekere gedrag of praktyk (om enkele vroeë kontroversiële sake te noem: waarom mag ons nie kaartspeel nie, waarom mag ons nie dobbelspeletjies op die basaar speel nie, waarom nie kos koop op Sondag nie en waarom is dans sonde?) kan kortweg geantwoord word: Want so het die sinode besluit. Daaruit nog verder geradikaliseer: Want, die sinode sê dit staan in die Bybel! Is dit so? Selfs ook: Want meer mense saam se wysheid is immers meer as een mens alleen se wysheid! Is dit so?

In die rigting van 'n oplossing

By geleentheid het sekere van Palestina se hoogs gerespekteerdes op die gebied van etiek, vir Jesus met 'n vraag in 'n strik probeer vang: 'En daar het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?' (Lukas 10:25). Die antwoord wat Jesus gee is die koers waarin ons die grondbeginsels van die christelike etiek moet gaan soek: 'En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?' (Lukas 10:26). Anders vertaal: In die wet: Wat is geskryf? Hoe herken jy? Dit is amper soos 'n drie-in-een stellingvraag: die bron, die data, die resepsie. Die uitkoms van hierdie driepunt-vraag word deur Jesus ná 'n gelykenisgesprek met 'n reg/verkeerd oordeel en met 'n mondsnoerende opdrag beantwoord.

Dit is in die christelike etiek, en veral nader bepaal die gereformeerde etiek, nie die stryd om die wet as bron te erken of die besonderhede van die wet as die data daarvan nie.

Selfs die mees kritiese benaderings is fanaties daaroor dat die wet tot op die letter as bron aanvaar moet word – ten minste ter wille van die letterkundige waarde daarvan. Die stryd gaan veral oor die manier waarop dit waardeer, verstaan, uitgelê en toegepas word. Die wetgeleerdes was nie alleen buitengewoon geskool in die letter van die wet self nie, maar ook in die uitleg daarvan volgens die (meer mense saam se wysheid) *Talmud* en die *Midrash* – met al die perseptuele implikasies daarvan op hulle toepassing van die wet. Juis op hierdie punt het Jesus, tot hulle uiterste frustrasie en woede, die heersende konvensies deurbreek.

Die verwaarloosde geheim was dat die wetgeleerdes die wet van God sonder die God van die wet wou lees. Dit was nie maar net die Grieke en die Romeine wat vir hulleself gode geskep het uit hulle aspirasies nie. Ook die Jode het vir hulleself (moontlik onwetend) 'n god geskep wat hulle etiese prestasies met die beloning van die ewige lewe moet vergoed. Gevolglik het die wet self vir hulle 'n soort god geword. Daarmee het hulle die wet en sy letter deur hulle eie kasuïstiese moralisme van die eintlike grondbeginsel daarvan gestroop. Waar sommige mense in hulle etiek God wil behaag sonder sy Woord, is daar ander wat in hulle etiek die Woord van God wil aangryp om hulleself tussen die mense te behaag, sonder om God daarmee te dien. Beide begaan die fout dat hulle die verhouding: God, Woord en mens skeeftrek. Dit raak die etiek regstreeks.

Soeke na grondslag

Dit bring ons by 'n besonder eenvoudige en tegelyk onpeilbaar ingewikkelde punt in ons soeke na die grondslag van die Christelike etiek: dat God met ons in 'n innige liefdesband leef wat ons deur sy Woord tot sy beeld verlossend herskep tot sy verheerliking. Wat belangrik is, is die akkurate beskouing van die Bybel. Mees elementêr gesê: *Dit is God se lewewekkende liefdesbrief aan ons.*

Wetenskaplikes vra hoe so 'n vertrekpunt bewys word. Die antwoord is dat dit nie wetenskaplik

bewysbaar is nie. Wanneer 'n mens die hele Bybel lees gebeur daar algaande die verrykende wonder dat 'n mens in die lig van die hele Bybel die onderdeeltjies beter verstaan en deur die bestudering van die onderdeeltjies die hele Bybel beter verstaan. Ook dit is volgens die getuigenis van die Bybel nie genoeg nie. Om die Bybel te kan verstaan is dit nodig dat God ons sonde-verduisterde verstand deur sy Heilige Gees bevatlik maak, verlig. God vorm Self deur sy Woord en Gees sy mense se verstaansraamwerk van sy Woord. So gebeur die steeds groter wordende wonder dat daar 'n koor van Bybelse naspreke uit mensemonde van alle eeue opklink. As 'n eie uitdrukking of benaming vir hierdie benadering gegee moes word, sou ons kon praat van die Openbaring as die bepalende onderdeel van die groter kommunikasiegebeure tussen God en mens. Dan kom die volgende gewaarwordings aan die lig:

- Dat God met sy eie vingers die eerste geskrewe woorde vir sy kerk van alle eeue op kliptafels opgeteken het: die onwankelbare verbondsdokument waarin Hy nie alleen sy eie identiteit openbaar nie, maar ook die geaardheid van sy lewewekkende en tweesnydende liefdesverbintenis met sy verbondsvolk; hierdie verbondsverhouding word in tien kernspreuke gestipuleer.
- Om hierin verder sy mense se begrip te vorm (hulle resepsie daarvan te bestuur) en hulle uitlewing hiervan te laat verstaan, het Hy (volgens oorlewering – en verder so aanvaar deur die res van die Skrif) hoofsaaklik deur die bemiddeling van Moses die hele Wetboek, ook genoem die Pentateug, laat skrywe. Dit dien sodanig as die fondament waarop Hy die hele res van die Bybel deur verskillende fases van die geskiedenis in nadere vervulling en verfyning laat opteken, versamel en bundel het (NGB artikels 3 en 4).
- Kernlyne uit die Wetboek (Pentateug) wat as fondament van die hele Skrif aan die lig kom is onder meer skepping, sondeval, vyandskap, verlossing, dankbaarheid, stryd en

oorwinning. Selfs wat die Wetboek betref is die heel diepste en basiese stene van die fondament reeds in Genesis 1-9 en selfs nog nader gereduseer in Genesis 1-3 gelê. Die Reformatore (kyk byvoorbeeld die indeling van die Heidelbergse Kategismus asook die hoofindeling van die NGB) het dit tot vier onbetwisbare kernlyne beperk: skepping, sondeval, verlossing en dankbaarheid. Hierdie lyne (en daar is enkele meer, soos die ontvouing van sy uitverkiesingsplan en sy kerkvergaderende werk deur die eeue) bind die hele Skrif met sy ryke verskeidenheid soos hooflyne en grondkontoere as 'n heerlike naderverklarende eenheid saam. Calvyn het geskryf dat die hele Bybel 'n nadere verklaring van die wet is.

- Die belangrikste bepalende data vir die verstaan van die wet, Wetboek, Bybel, wat oor die algemeen deur die voorstanders van die resepsieteorie oorgesien word, is dat God (drie-enig) Self die eintlike Outeur van die Bybel is. Dit bepaal die verstaan daarvan in die sin dat dit Hy is wat vir ons iets sê. Die teks van die Bybel is in hierdie sin nie dieselfde as enige ander tekstmateriaal in die wêreld nie. Selfs binne die kategorie van literatuur waarin 'n outeur bedoel om akkuraat met sy lesers te kommunikeer en die literatuur eeue later nog leesbaar met sekere betekenis kan wees, is dit in die geval van die Bybel heeltemal anders en uniek, aangesien die Outeur Self steeds bedoel en bedoelend, lewend en jaloers agter sy boodskap vir sy kerk van alle eeue staan. Die begronding van die verskillende verbondstipulasies en gedragsvoorskrifte van die wet, is geleë in die inleiding van die wet. Daar hoor ons God se selfbekendstelling, hoe Hy ons getroue, liefdevolle, verlossende Verbondsgod is. Daar hoor ons ook van ons eie tragiese toestand waaruit Hy ons verlos het en hoe Hy ons in 'n nuwe lewensverhouding met Hom gebring het. Die implikasie daarvan is dat Hy ons ook in 'n nuwe verhouding met onself, mekaar en sy skepping gestel het. Die bedoeling van die

wet is dus dat ons gedrag in ooreenstemming moet wees met hierdie liefdesverhouding, hierdie verlossingsverhouding met God.

- Die Reformatore het hierdie aspek besonder akkuraat herken (Calvyn, Institusie, boek 2). Kernagtige neerslag hiervan vind ons in die Heidelbergse Kategismus. Die wet is die kenbron van ons ellende (HK, afdeling 1), ons tugmeester na Christus (HK, afdeling 2) en die reël van ons dankbaarheidslewe (HK, afdeling 3). Wanneer die wet in die derde afdeling van die Kategismus as die reël van ons dankbaarheidslewe bespreek word, is daar 'n besondere omarming wat ons nie mag miskyk nie. Wanneer in Sondag 32 gevra word waarom ons nog goeie werke moet doen, is die antwoord onder meer: 'Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe ...'. As by die afhandeling van die wet in Sondag 44 gevra word: 'Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou ...?' dan is die antwoord weereens onder meer: dat ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van sy Heilige Gees bid sodat ons altyd meer en meer *na die ewebeeld van God vernuwe* mag word.
- Dit is die allerdiepste grondslag van die christelike etiek! Die Here sê in die inleiding van sy wet Wie Hy is. In die verskillende wette sê Hy hoe ons in ware geregtigheid en heiligheid tot sy beeld en gelykenis vernuwe moet word. So geneem is die hele wet in al sy onderdele ten diepste Godsopenbaring. Dit is 'n tien-puntige skildery van God Self, sy beeld en gelykenis waaraan ons gelykvormig moet wees of word. Om dit te verstaan moet ons weet hoe Hy ons geskape het,

wat ons deur die sondeval aan ons geskapeheid gedoen het, waartoe Hy ons in Christus herskep het en wat Hy met ons in die oog het met die verheerliking: 'laat Ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis'. Dit is die grondbeginsel van die christelike etiek. Dit is wat God met die afkondiging van sy wet vir ons wil sê. Hierdie boodskap lig Hy in die hele res van die Bybel nader toe.

Slot

Dit bring ons terug by die gebrek van die sogenaamde resepsieteorie en die etiek wat daaruit gebore word. In die benadering van die resepsieteorie is dit die ontvanger wat uit die konteks van sy omstandighede 'n teks lees en betekenis vorm, selfs betekenis skep – wat sy gedrag bepaal. Die implikasie hiervan is dat na gelang individue se tye en omstandighede verskil, so ook die betekenis wat hulle met betrekking tot 'n teks vorm of skep, verander – wat hulle gedrag verskillend bepaal. Gevolglik kan dieselfde verskynsel vir die een 'n rooi lig wees, maar vir die ander 'n groen lig en hulle gedrag verskillend bepaal omdat hulle kontekstueel self betekenis geskep het van dieselfde verskynsel wat hulle waargeneem het. Behalwe die ironie dat met so 'n benadering eintlik geen teks meer nodig sou wees nie, is dit duidelik dat elementêre kommunikasie in hierdie geval misluk het.

Teoreties gesproke kan gesê word dat die voorstanders van die resepsieteorie te maklik vergeet dat die ontvanger/reseptor maar een van verskeie werklikheidskomponente van kommunikasie uitmaak. In gewone kommunikasie, waarvan die Bybel 'n besondere en unieke soort is, is daar die outeur van die boodskap, die kommunikasiemiddel/

e van die boodskap en die ontvanger/reseptor van die boodskap. Toegepas op die Bybel kan ons sê: God spreek sy wet tot ons. *Dit is God se lewewekkende liefdesbrief aan ons*. Wat die Bybel betref sou dit op 'n vorm van laster neerkom as dit enigins anders behandel sou word. As aanvaar kan word dat die Outeur van die boodskap sy lewewekkende boodskap self volmaak en genoegsaam bedink het, kan effektiewe kommunikasie slegs gebeur in sover as wat die ontvanger/reseptor se gedagtevorming, ná sy bestudering van die boodskap deur die kommunikasiemiddel/e, presies ooreenstem met dit wat die Outeur bedink het. Daarby word aanvaar dat die Outeur Self – met sy volmaakte boodskap – die ontvanger se situasie genoegsaam verreken het en die mees effektiewe kommunikasiemiddele gebruik het om sy boodskap tuis te bring. Die Outeur het ter wille van effektiewe kommunikasie homself ook reeds genoegsaam ingeperk tot 'n gemeenskaplike kode vir die kommunikasieproses. Wanneer dit dus kom by die vaststelling van die boodskap se betekenis moet die ontvanger behoedsaam wees om die Outeur klaar te hoor sodat sy gedagtevorming dieselfde kan wees as dié van die Outeur. As hy sy eie betekenis daarvan gaan vorm of skep, sal dit metterdaad 'n vervalsing van die Outeur se boodskap, en erger, van die Outeur se gedagte, wees. Dan is daar misverstand.

God Self – waaragtig en drie-enig, lewend en ewig – is die allerdiepste grondbeginsel van die christelike etiek. Ons moet hoe langer hoe meer tot sy ewebeeld in Christus vernuwe word. Om ons daarin toe te rus het Hy sy wet, sy Woord gegee. As iets moet verander is dit ons eie gedrag – nie God se gedagte nie en ook nie sy Woord nie.

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Skoolryp

In die *Gereformeerde Vroueblad* van Junie 2007 skryf Kona van der Walt oor die vraag: *Is Mamma "skoolryp"?* 'n Interessante vraag,

waarop nie sommer-so ligtelik en vinnig-vinnig antwoord gegee moet word nie.

Mev Van der Walt skryf:

Sommerso 'n amper verspotte vraag in die verbygaan, maar tog

dare belangrik genoeg om 'n bietjie aandag aan te gee. Die tyd vir skool toe gaan het vir haar kleinding aangebreek en hy het met hierdie vooruitsig in sy lewetjie die middelpunt geword van baie beplanning en verwagtings. Ook by die skool word hy met goedvoorbereide prosedure ingewag. Is hy reeds skoolryp? is een van die belangrike vrae wat gevra word. Die antwoord op hierdie vraag word maklik verkry deur goed-ontwerpte toetse waaraan hy gemeet kan word. Goed so, want van sy skoolrypheid hang so baie af – 'n hele skoolloopbaan kan reg of verkeerd beslag kry, afhangende van die uitslag van die toets, en die ouer se reaksie daarop.

Maar wat van Mamma – die ander party in die skool-toe-gaan-situasie van haar kleinding? Is sy ooit gereed? Is sy "skoolryp"? Mamma het nou met die skool toe gaan van haar eersteling ook 'n nuwe fase in haar lewe betree. Of sy opgewasse gaan wees vir die hantering van al die komplikasies wat van nou af gaan kop uitsteek, gaan tot 'n groot mate afhang van haar eie rypheid, volwassenheid en nugtere ingesteldheid. Haar optrede sal ook tot 'n groot mate bepaal hoe voorspoedig haar kind se skoolloopbaan gaan wees.

Toe sy haar kleintjie voorberei het om skool toe te gaan, en hom toegerus het met nuwe boeksak, skoolklere en mooi verwagtings, hét sy daaraan gedink dat sy nou ook 'n aanpassing sal moet maak? Van nou af sal hy vir vyf ure per dag, vyf dae per week, weg van haar af moet leef, sonder haar beskermende teenwoordigheid en toesig. Haar rol sal van nou af vir soveel ure in haar kind se lewe deur sy juffrou gevul word. As sy daaraan gedink het, is

dit gelukkig, want dan het sy haar daarop voorberei om van juffrou 'n bondgenoot te maak in die verdere opvoeding van haar kind. Hoe gaan sy die juffrou bejeën? Gaan sy, gedryf deur haar beskermingsdrang, oor onbenulligheidjies wat kleintjies by die huis mee aankom, onsmaklike aanmerkings teenoor die juffrou toelaat of self maak? Dan is Mamma beslis nog nie "skoolryp" nie! Deur so op te tree, verongeluk sy die vertrouwe wat haar kind nodig het ten opsigte van die een wat so 'n belangrike rol in sy opvoeding moet speel. As volwasse opvoeder sal sy haar bes moet doen om altyd haar kind objektief te probeer sien, en nie al sy storietjies onvoorwaardelik te glo nie. Hoe dikwels mis 'n kind daardie vreugde in sy skoolloopbaan wat deur loyaliteit aan sy onderwysers moontlik gemaak word, net omdat sy ouers nie "skoolryp" opgetree het nie? ...

So 'n laaste klein bietjie raad vir Mamma: Berei jou maar betyds voor vir die nuwe fase in jou lewe. Dit sal dalk 'n ander patroon in jou huislike organisasie verg; jou sosiale lewe sal dalk drasties moet verander om in te pas by die nuwe roetine; en les bes, jou geestelike ingesteldheid sal ook meer aandag verg. Wees altyd positief, want so sal daar altyd aan jou kind se optrede en sy werk gesien kan word dat hy 'n Mamma het wat opgewasse is vir haar rol in hierdie nuwe bedeling!

In aansluiting by die vraag of ma (en pa) skoolryp is, moet 'n verdere vraag gestel word. Een wat ten minste net so belangrik is – indien nie belangriker nie. Is ouers gereformeerde skoolryp? Anders gestel: is ouers in die Gereformeerde Kerke ryp vir Gereformeerde skole?

Tans is daar op verskeie plekke in ons land toegang tot Gereformeerde onderwys. Maar dit is opvallend hoe min Gereformeerde ouers van hierdie onderwys gebruik maak. Talle verskonings word aangevoer waarom ons ons kinders kwansuis nie in 'n Gereformeerde skool moet laat opvoed nie. Sommige redes weeg swaarder as ander. Deurgaans is daar egter 'n idee – en dit word sonder omhaal van woorde so gestel – dat Gereformeerde onderwys nie so noodsaaklik is nie. Die openbare skool doen mos sy ding? In openbare skole is daar fantastiese onderwysers en goeie skoolhoofde wat sake sover moontlik in orde hou. Die kinders leer nog van die Here. Daarby kry hulle in groter openbare skole baie beter blootstelling aan sport, kultuur en ander buitemuurse aktiwiteite as wat Gereformeerde skole kan bied. Finansies tel ook saam.

Dit is jammer dat daar so oor Gereformeerde onderwys gedink en gepraat word. Gereformeerde skole is immers geen alternatief vir die openbare onderwys nie. Dit is ook geen teenvoeter teen openbare onderwys nie. 'n Gereformeerde skool is uit beginsel dié skool waar Gereformeerde kinders opgevoed behoort te word. Tussen kerk, skool en huis moet daar 'n lewenskragtige eenheid wees. In al drie hierdie ruimtes moet ons kinders ooreenkomstig die eise van God se verbond (dink aan die doopbelofte!) onderrig en opgevoed word.

Weereens: is ons ouers oor die algemeen gereformeerde skoolryp? Dié vraag sal elkeen in verantwoording voor die Here moet antwoord. Dit ly egter geen twyfel nie dat heelwat van ons ouers en kerkrade diepgaande hieroor sal moet besin, alvorens daar vinnig-vinnig 'n antwoord hierop gegee word.

Moedige voorganger

In Kerk en Woord Junie 2007, die gemeenteblyd van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar te Pretoria, is 'n gebed gepubliseer wat in Kansas (VSA) gebed was met die openingsessie van die Senaat.

Dit kom voor of gebed steeds sommige mense ontstel.

Omdat die gebed in Engels gebid is, word die berig onvertaald weergegee:

When Minister Joe Wright was asked to open the new session of the Kansas Senate, everyone was expecting the usual generalities, but this is what they heard:

“Heavenly Father, we come before you today to ask your forgiveness and to seek your direction and guidance.

We know Your Word says, ‘Woe to those who call evil good’, but that is exactly what we have done.

We have lost our spiritual equilibrium and reversed our values.

We have exploited the poor and called it the lottery.

We have rewarded laziness and called it welfare.

We have killed our unborn and called it choice.

We have shot abortionists and called it justifiable.

We have neglected to discipline our children and called it building self esteem.

We have abused power and called it politics.

We have coveted our neighbor’s possessions and called it ambition.

We have polluted the air with profanity and pornography and called it freedom of speech and expression.

We have ridiculed the time honored values of our forefathers and called it enlightenment.

Search us, oh God, and know our hearts today;

Cleanse us from every sin and set us free.

Amen!”

Die reaksie was onmiddellik. ‘n Paar van die wetgewers het in protes gedurende die gebed uitgeloopt. In 6 kort weke het die Central Christian Church waar pastoor Wright sy bediening doen, meer as 5 000 telefoonoproepe ontvang, waarvan slegs 47 negatiewe kommentaar was.

Die kerk ontvang nou internasionale aanvrae vir kopieë van hierdie gebed vanaf Indië, Afrika en Korea.

Ds Wright se gebed getuig van diepgaande selfondersoek en skuld belydenis. As daar in Suid-Afrika maar meer só gebed word. Bid dat kerke die wil van God werklik sal soek en doen. Bid dat die owerhede op alle vlakke van bestuur sodanig sal regeer dat daar vir die onderdane ‘n rustige en stil lewe sal wees. Bid dat die samelewing in sy groot verskeidenheid aktiwiteite hartgrondig van die kwaad sal afsien en die eer van die Here sal soek. Bid dat Godvresende huisgesinne gesonde boustene in kerk en koninkryk sal wees. Die vurige gebed van ‘n regverdigte het groot krag (Jakobus 5:16)!

Watter kerk brand?

Vroeg in Julie is die statige ou kerkgebou van die NG Kerk Potchefstroom deur ‘n brand in puin gelê. Nicolize van der Walt doen berig in *Beeld* (9 Julie 2007):

Die NG Kerk se Moedergemeente in dié stad het gister ‘n roudiens vir hul geskiedkundige kerkgebou gehou wat verlede week in ‘n brand vernietig is.

Dié kerk is Woensdagnag deur vlamme in puin gelê.

“Soos ‘n kortsluiting iets mooi vernietig, so vernietig sonde dit wat mooi is”, het ds. Düring Cornelius, leraar van die gemeente tydens die roudiens gesê.

Volgens Cornelius wys die forensiese verslag dat ‘n kortsluiting die brand veroorsaak het.

Meer as 100 gemeentelêde het geluister toe Cornelius uit Korintiërs en Filippense probeer sin maak het uit die brand wat meer as 165 jaar se herinneringe stuk vir stuk verteer het.

“My boodskap is dat ons nie moet kyk na dit wat ons verloor

het nie, maar ons oog moet hou op dit wat ons nog het. Baie gemeentes se kerke is nog heel, maar hul gemeentes lê in puin. Ons kerkgebou is in puin, maar ons gemeente is sterk en ons gee vir mekaar om”.

Cornelius het gesê “alles wat hier (in Potchefstroom) aan die woel is” wys dit is tyd vir “ware versoening”. Hy het gemaan dat diegene wat straatnaamborde vernietig en nie respek toon vir ander se erfenis nie, hul hande in dié van God moet plaas.

Cornelius het gesê aanbiedinge van bystand stroom van oral in. “God wys ons is deel van ‘n groter liggaam. Iemand het gebel met eikehoutkerkbanke, ‘n orrel, ander wil ‘n fonds begin.”

Ds. Nico van Rensburg, uitvoerende beampte van die Wes-Transvaalse Sinode van die NG Kerk, het gesê 150 000 mense rou saam met die Moedergemeente van Potchefstroom.

“Hierdie is die eerste kerk wat noord

van die Vaalrivier gebou is. Sy is die ou moeder waaruit ons almal voortgespruit het.”

Brand is in alle opsigte vernietigend. ‘n Mens het met die NG Kerk Potchefstroom diepgaande medelye vanweë die enorme verlies wat hulle gely het. Die skade is nie in Randwaarde uit te druk nie.

Tog dwing die gebeure tot verdere nadenke. As ds Van Rensburg praat oor die ‘ou moeder waaruit ons almal voortgespruit het’, is dit nie maar net aandoenlike beeldspraak nie. Hoe kan ‘n gebou van klip en hout ‘n moeder wees? Lewende lidmate is tog die kerk van Christus; nie ‘n leweloze gebou met alles daarin en daarop nie. Die vraag is dus ter sake: watter kerk brand? Die gebou, of die vergadering van gelowiges? Geboue kan vervang word, al sal dit later nooit weer wees soos dit voorheen was nie (Esra 3:12-13). Maar as die gemeenskap van gelowiges brand – en hier word dit in die verterende sin van die woord bedoel – is dit ‘n saak van

baie dieper kommer. In hoeveel opsigte brand die NG kerk nie? Die afgelope Algemene Sinode se besluite oor die gay-kwessie is 'n sprekende voorbeeld.

Die bedoeling is allermens om die vinger na die NG Kerk alleen te wys. Die hand moet in eie boesem gesteek word. Ook in die Gereformeerde Kerke laai die vure op. Verterende vure oor verskille in hermeneutiek, omgang met die Skrif, verstaan en toepassing van Skriftuurlike beginsels, uitleef van ons Gereformeerde-wes. Dit is geen wolf-wolf geskree nie. Oor dié dinge word daar al jare lank met kommer in die kerke gedebatteer, vergaderings gehou en geskryf. Mag God gee dat die brande geblus word voordat die vuur ons heeltemal in puin lê.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: Waarheid en Dwaling

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: gerardjmeijer@gmail.com

jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 19:00)

e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R140 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo

Posbus 25316

Gezina

0031

VGL BYEENKOMS

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand 14 September en Saterdagoggend 15 September 'n byeenkoms te hou waartydens op aktuele hermeneutiese vraagstukke, soos wat ons in die kerklike lewe daarmee te doen kry, gefokus word. Die gesprekstema sluit aan by die bespreking tydens die Maart-byeenkoms, wat oor heilshistoriese omgang met die Skrif in die klaskamer en op die kansel gehandel het.

PROGRAM

Vrydag 14 September 2007

19:00-21:30

- Hermeneutiek en die vraagstuk insake die vrou en die besondere ampte

Spreker: ds RA Bain

(GK Potgietersrus-Wes)

Saterdag 15 September 2007

08:30-12:30

- Hermeneutiek en die vraagstuk insake homoseksualisme

Spreker: prof GJC Jordaan

(Teologiese Skool Potchefstroom)

- Verbond en die verstaan van die Skrif – wat leer 1 Korintiërs 2:6-16 ons daarvoor?

Spreker: teologiese student C Rossouw

(Teologiese Skool Potchefstroom)

Plek

Gereformeerde Kerk Pretoria Die Kandelaar,
h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley

Registrasie

Om onkoste te delg word 'n registrasiefooi van R30,00 per persoon by die ingang gehê. U word vriendelik versoek om ten minste drie dae voor die byeenkoms te bespreek sodat die nodige reëlings vir die voorsiening van verversings getref kan word.

Kontakpersoon

Mev Joke de Wind – tel. 012 332 4676

e-pos: jokedewind@gmail.com